

**DIE ONDERSKEID TUSSEN SEEROWERY EN TERRORISME AS VERSEKERDE
RISIKO'S IN DIE SEEVERSEKERINGREG**

Navorsingsverslag ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad LLMI
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

AJ Theunissen
20037902

Studieleier: Prof S Stander
2009

Inhoudsopgawe

| | |
|---|----|
| Lys van afkortings | 1 |
| 1 Inleiding en probleemstelling | 2 |
| 2 Historiese agtergrond | 3 |
| 3 Die voorkoms van seerowery..... | 6 |
| 4 Die begrip seerowery..... | 7 |
| 4.1 Historiese agtergrond..... | 8 |
| 4.2 Die volkeregtelike omskrywing van seerowery | 8 |
| 4.3 Gevolgtrekking ten opsigte van seerowery in die volkereg | 11 |
| 5 Die begrip terrorisme | 12 |
| 5.1 Historiese agtergrond | 12 |
| 5.2 Die volkeregtelike omskrywing van terrorisme | 13 |
| 5.3 Gevolgtrekking ten opsigte van terrorisme in die volkereg | 17 |
| 6 Die verskil tussen seerowery en terrorisme in die volkereg | 18 |
| 7 Seerowery in die seeversekeringspraktyk | 19 |
| 7.1 Gevolgtrekking ten opsig van seerowery..... | 28 |
| 8 Terrorisme in die seeversekeringkonteks | 29 |
| 8.1 Gevolgtrekking ten opsigte van terrorisme | 34 |
| 9 Gevolgtrekking..... | 34 |
| 10 Bibliografie | 38 |

Lys van afkortings

| | |
|---------------|---|
| ICC | International Chamber of Commerce |
| ISC | Institute Strikes Clauses |
| IWC | Institute War Clauses |
| IWSC | Institute War and Strikes Clauses |
| LOSC | Law of the Sea Convention |
| UNCLOS | United Nations Convention on the Law of the Sea |

1 Inleiding en probleemstelling

Seerowery word dikwels beskou as deel van argaïese mites en legendariese staaltjies waarvan net in feeverhale en storieboeke gelees en in Johnny Depp rolprente gesien word. Dit is egter nie die geval nie. Seerowery is 'n hedendaagse praktyk wat al hoe meer kommer vir seevaarders, in- en uitvoerders, asook versekeraars wek. Die *Siruis Star*, 'n olietenkskip van Saoedi-Arabië, wat \$100 miljoen se bates aan boord gehad het, was 'n onlangse slagoffer van seerowery. Hierdie vaartuig met haar waardevolle vrag is op 17 November 2008 aan die Ooskus van Afrika gekaap. Die kaping het wêreldwye fokus op die ernstige ekonomiese gevolge, sowel as die gevaar van groot finansiële risiko vir internasionale handel in die kollig geplaas.

Die eerste probleem is dat as gevolg van die drastiese toename in seerowery, vervoerkoste in die internasionale waters dramaties verhoog het, weens die feit dat seeversekeringspremies uit die aard van die saak ook verhoog het. In 2007 het dit vir 'n vragskip wat deur die *Golf van Aden* vaar \$900 per houer aan versekering gekos. In 2008 het dit vir dieselfde houer op 'n soortgelyke vragskip op dieselfde roete \$9000 aan versekering gekos.¹ Dit is te danke aan die vergrote risiko as gevolg van seerowery.

Die volgende probleem is dat die gebeure tans in die van Afrika en selfs die Midde-Ooste, om net enkele gebiede te noem, baie maklik as terrorisme geklassifiseer kan word weens ernstige en gevaarlike politieke onstabieleit in daardie gebiede. Dit is denkbaar dat versekeraars sal poog om hul aanspreeklikheid op die een of ander manier te ontduik. Die dilemma is die volgende: As 'n in- of uitvoerder se versekeringspolis voorsiening maak vir die vergoeding van skade as gevolg van seerowery, maar die vergoeding van skade as gevolg van terrorisme word uitgesluit, kan die versekeraar argumenteer dat wat gebeur het die gevolg van terrorisme was. Aan die ander kant kan die versekeringspolis die vergoeding van skade as gevolg van seerowery uitsluit, maar die vergoeding van skade as gevolg van terrorisme insluit. In hierdie geval sal die versekeraar weer alles in die stryd werp om te bewys

¹ O'King *Ocean Piracy and its Impact on the Insurance* 1.

dat die verlies te wyte was aan 'n daad van seerowery en vergoeding gevolglik nie verskuldig is nie.

Dit noop die vraag na die presiese betekenis van die genoemde begrippe en hoe in- en uitvoerders te werk moet gaan om hulself effektief teen sulke risiko's te beskerm. Dit sal telkens bepaal of dit vir die in- of uitvoerder nodig sal wees om bykomende versekering (waarskynlik teen 'n verhoogde premie) te kry, al dan nie. Dit is dus van kardinale belang vir 'n in- of uitvoerder om sekerheid te hê oor die werklike betekenis van seerowery en terrorisme soos dit in die seeversekeringspraktyk toepassing vind. Daar sal ook kortliks na die volkeregtelike betekenis gekyk word om te bepaal of daar enigsins 'n verskil is in die hantering van hierdie begrippe in die seeversekeringsreg en die volkereg. Alvorens dit egter gedoen word, is dit nodig dat verduidelik word waarom die Engelse seeversekeringsreg so 'n groot rol in die uitleg en interpretasie van hierdie begrippe in die Suid-Afrikaanse seeversekeringsreg speel. Dit is vervolgens aan die orde.

2 Historiese agtergrond van die Suid-Afrikaanse seeversekeringspraktyk

Die Suid-Afrikaanse seeversekeringspraktyk het weliswaar 'n kleurrike en gemengde agtergrond. Die submitisie is dat die Suid-Afrikaanse seeversekeringspraktyk se onderbou gegrond is op die gekristalliseerde beginsels uit Europa², sowel as Engeland³ as gevolg- en op grond van die *Lex Mercatoria*. Daarbenewens een van die oudste fundamente waarop die seeversekerings**praktyk** gebaseer is, die *Lloyds Ship and Goods-polis* van 1779.⁴ Die polis is nie net deur die Engelse gebruik nie, maar wel ook deur Europese handelsvennote, Amerikaanse en Kanadese versekeraars. Verder het die *Marine Insurance Act* van 1906 'n groot en uitgebreide rol wêreldwyd met betrekking tot die seeversekeringsreg gespeel.⁵ Hierdie wet het 10 jaar geneem om deur die wetgewende proses goedgekeur te word en is vir bykans 100 jaar in volle werking. Al is dit 'n Engelse wet, is dit belangrik om te onthou dat die beginsels wat in hierdie wet vasgelê is, gedistilleer is

² Vandaar die kontinentale wortels van ons gemenereg.

³ Vandaar die konneksie met die "common Law" regstel.

⁴ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 654.

⁵ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 654.

uit beginsels wat vanaf die 14de en veral die 17de eeu in Europa ontwikkel het. Daarom word geleer dat die wet haar "common roots" reflekteer. Die wet kan as die moeder van alle seeversekeringswette gesien word, omdat sy so 'n groot impak ten opsigte van seeversekering in die handeldrywende wêreld gehad het.⁶ 'n Verdere fondament van die Suid-Afrikaanse seeversekeringspraktyk was die *Placaaten* van Holland. Suid-Afrika was vanaf 1652 tot 1806 onder Nederlandse bewind. Die *Placaaten* van Holland het tot en met 1879 'n groot rol in Suid-Afrikaanse seeversekeringsreg gespeel.⁷ In die saak van *Mutual & Federal Insurance Company Limited v Oudshoorn Municipality*⁸ is beslis dat die Romeins-Hollandse reg ook die gemenerereg vir die Suid-Afrikaanse versekeringsreg is.⁹ Derhalwe kan aanvaar word dat die Romeins-Hollandse reg en die *Placaaten* van Holland die primêre bronne van Suid-Afrika se seeversekeringsreg is, terwyl die Engelse- en Anglo-Amerikaanse reg groot ooreenstemmende gesag in die plaaslike seeversekeringsreg het.¹⁰

Voor Uniewording het die vier provinsies van Suid-Afrika verskillende geskiedkundige bronne ten opsigte van versekeringsreg gehad. In die destydse Transvaal en Natal is die Romeins-Hollandse reg toegepas, terwyl die Engelse reg¹¹ in die Kaap en Oranje Vrystaat toegepas is.¹² Die keerpunt het in 1977 gekom toe die *Hersieningswet op die Voor- Unie Wette*¹³ in werking getree het. Na 1977 is die Romeins-Hollandse reg gevolglik as die primêre bron van Suid-Afrikaanse seeversekeringsreg beskou.¹⁴ Die impak wat die Engelse reg op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse seeversekeringsreg gehad het, kan egter nie geïgnoreer word nie. Die talle hofsake wat op die beginsels van die Engelse reg beslis is, kon nie net eenvoudig uitgewis word nie. Die Romeins-Hollandse seeversekeringspraktyk is ook nie so modern en goed ontwikkel soos die Engelse

⁶ Sien bv. die *Marine Insurance Act* van Australië, die van Indië, die van Kanada en die van Nieu Seeland.

⁷ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 655.

⁸ 1985 (1) SA 419 (A).

⁹ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 656 is van mening dat die kontinentale wortels, waarvan die Engelse reg, vanweë die toepassing van die *Lex Mercatoria*, ook 'n deel vorm, van ons gemenerereg erken word.

¹⁰ Gordon & Getz *The South African Law of Insurance* 2.

¹¹ By wyse van die *General Law Amendment Act* 8 van 1879 en die *General Law Amendment Ordination* 2 van 1902.

¹² Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 654.

¹³ 43 van 1977.

¹⁴ Gordon & Getz *The South African Law of Insurance* 2; Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 655.

seeversekeringspraktyk nie en bied nie altyd oplossings vir alle probleemsituasies nie. Dit moet dus nie uit die oog verloor word dat die Romeins-Hollandse versekeringsreg bloot net die gemenerereg is nie en nie noodwendig die moderne Suid-Afrikaanse reg weerspieël nie. In die lig van die grootskaalse oornamering en toepassing van die Engelse reg in die verlede en ook omdat plaaslike versekeringspraktyke en polisse grootliks op die Engelse voorbeeld geskoei is, kan gesê word dat die Engelse reg steeds ten spyte van die 1977-wet as groot oordedende gesag in Suid-Afrikaanse howe gebruik mag word.¹⁵

Die *Wet op Korttermynversekering*¹⁶ is die mees onlangse wetgewing waarvolgens Suid-Afrikaanse seeversekering gereël word. Die probleem is egter dat die *Korttermynversekeringswet* veel meer fokus op formaliteite en tegniese aspekte van die versekeringsreg en versekeringspraktyk en nie die algemene beginsels rakende seeversekering uiteensit of enigsins met interpretasie behulpsaam is nie.¹⁷

Nietemin moet die *Korttermynversekeringswet* tans as die primêre bron ten opsigte van seeversekering in Suid-Afrika beskou word. Indien die *Korttermynversekeringswet* nie 'n antwoord kan bied nie, wat eerder die reël as die uitsondering sal wees, sal die Suid-Afrikaanse versekeringsreg, die presidentereg en die Romeins-Hollandse reg geraadpleeg word om die geldende beginsel vas te stel. Indien hierdie bronne steeds nie sekerheid rondom 'n situasie kan lewer nie, sal die Engelse reg ook as oordedende gesag in die Suid-Afrikaanse howe kan dien.¹⁸

Met hierdie agtergrond in gedagte kan 'n sinvolle ondersoek ten opsigte van die vraagstukke in die probleemstelling hierbo gedoen word. Soos gemeld is seerowery 'n hedendaagse praktyk wat al hoe meer toeneem en druk op die versekerde, sowel as die versekeraar plaas. Ter inleiding van die ondersoek word kortliks na die mees onlangse voorvalle van seerowery verwys.

¹⁵ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 655.

¹⁶ *Korttermynversekeringswet* 53 van 1998, hierna die *Korttermynversekeringswet*.

¹⁷ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 658.

¹⁸ As gevolg van die gemeenskaplike wortels, sal die Anglo-Amerikaanse beginsels ook oordedingsvermoë hê.

3 Die voorkoms van seerowery

Die *Joint War Commimitee* het 'n lys gemaak van areas waar seerowery sterk na vore kan tree. In Afrika word die volgende lande genoem: Algerië, Djiboeti, Ivoorkus, Nigerië, Bakassi, Peninsula en Somalië. In Asië word Pakistan, Thailand en die Suidelike Golfkus genoem. In Indonesië is dit Ambon, Balikpapan, Borneo, Noordkus van Kudat, Tarakan, Jakarta, Malacca Strait en Poso. In die Midde-Ooste sluit die gevaarsone die lande Bahrain, Irak, Israel, Libanon, Katar, Saudi Arabië, Mindanao, en Sulu-Archipelago in.¹⁹

In 2007 is daar 263 seeroweraanvalle wêreldwyd aangemeld, terwyl daar in die eerste ses maande van 2008 reeds 114 seeroweraanvalle aangemeld is.²⁰

Meer as 130 skepe is in 2008 in die Golf van Aden deur seerowers aangeval.²¹ Seerowers het sedert die begin van 2009 alreeds 100 aanvalle in die Golf van Aden uitgevoer.²² Op 20 September 2009 het Iranese oorlogsskepe slaags geraak met seerowers in die Golf van Aden toe die seerowers drie handelskepe aangeval het met die doel om hul te kaap. Nadat die seerowers die waarskuwings vanaf die oorlogsskepe geïgnoreer het, het die oorlogsskepe op die seerowerskepe losgebrand.²³ Die *Siruis Star*, ter waarde van \$100 miljoen, is op 15 November 2008 naby die kus van Kenia deur seerowers gekaap.²⁴ Op 17 September 2009 het 'n Somaliese tiener vlugtig in 'n hof van New York, VSA verskyn op aanklag dat hy 'n seeroweraanval op 'n Amerikaanse vragskip gelei het.²⁵

Die Spaanse adjunkminister *Constantino Mendez* het op 15 September 2009 gesê dat die regering sy tunabote in die Indiese Oseaan met swaar gewere en private sekuriteitswagte teen Somaliese seerowers sal beskerm.²⁶ Twee en twintig Filippynse matrose is op 14 September 2009 vrygelaat, nadat Somaliese seerowers

¹⁹

David Best's Review 9.

²⁰

Desimone National Underwriter / Property & Casualty Risk & Benefits Management 17.

²¹

Anon Beeld 7, 03-03-09.

²²

Anon Beeld 4, 03-08-09.

²³

Anon Beeld 4, 20-09-09

²⁴

Flood Oil Spill Intelligence Report 3.

²⁵

Anon Beeld 5, 17-09-09.

²⁶

Anon Beeld 6, 15-09-09

'n Griekse skip, die *MV Irene*, in April by die Golf van Aden gekoop het.²⁷ Op 7 September 2009 het seerowers wat vir bykans twee maande lank 'n Turkse vragskip aangehou het, R152 miljard van 'n Turkse privaat maatskappy geëis vir die vrylating van die skip en haar 23 Turkse bemanningslede.²⁸ Op 14 Augustus 2009 is 'n seeroweraanval op 'n Turkse vragskip, in die Golf van Aden, deur Turkse- en Duitse vlote afgeweer. Die bemanning van 'n Italiaanse sleepboot, die *Buccaneer*, is op 11 April 2009 gevange geneem toe seerowers die boot in die Golf van Aden aangeval het.²⁹

Dit is duidelik dat seerowery al hoe meer toeneem. Uit die aard van die saak hou dit al hoe groter risiko's vir die in- en uitvoerder, die versekeraar asook die versekerde in.

Vervolgens aan die orde is 'n kort bespreking van die begrip seerowery en terrorisme soos dit in die volkeregtelike omgewing gebruik word. Die doel is om te bepaal, wanneer daar later na die versekeringsregtelike betekenis gekyk word, of daar enigsins 'n verskil in die hantering van die hedendaagse begrippe is. Die moontlikheid bestaan ook dat die volkeregtelike betekenis tot hulp kan wees in die omskrywing van die begrippe in die seeversekeringspraktyk.

4 Die begrip seerowery

Die uitgangspunt in hierdie navorsing is dat die betekenis van byvoorbeeld terrorisme, seerowery, oorlog, burgeroorlog, ensovoorts, in die volkeregtelike sin nie die betekenis daarvan in die konteks van versekering bepaal of beheers nie, omdat dit in die Versekeringspraktyk primêr gaan oor die interpretasie van 'n kommersiële. Nogtans is die volkereg se definisies van versekering 'n gerieflike vertrekpunt in 'n poging om die betekenis en toepassing van die versekeringspolisse en uitsluitingsklousules te interpreteer.³⁰

²⁷ Anon *Beeld* 2, 20-09-09.

²⁸ Anon *Beeld* 3, 10-09-09.

²⁹ Anon *Beeld* 5, 19-04-09.

³⁰ Bennett *The Law of Marine Insurance* 34. As motivering kan verwys word na Bennett wat meld dat die bronne van die volkereg 'n verskeidenheid definisies van (byvoorbeeld) oorlog bevat wat in heelwat opsigte kontrasterend is. Hy meen dat dit onmoontlik is om definisies vir doeleindes van die versekeringsreg daaruit te formuleer.

4.1 *Historiese agtergrond*

Die eerste en oudste aantekeninge rakende seerowery strek so ver terug as 1650. Hierdie tydperk het as die goue era van seerowery bekend gestaan en het ontstaan net na die einde van die geloofsoorlog in Europa.³¹ Europese kolonies het vinnige ekonomiese groei getoon deurdat hulle begin handel dryf het. Uit die aard van die saak het die handel so uitgebrei dat goedere van een punt na 'n ander vervoer moes word. Seevervoer was een van die hoof vervoermiddele waarvan die kleinhandelaars gebruik gemaak het. Goedere is verkoop en gekoop, geld ontvang en betaal. Die ironie was dat dieselfde goedere en geld boonop deur seerowery gesteel is.³²

Daarbenewens het die Europese lande in 1713 'n vredesonderhandeling genaamd die *Treaty of Utrecht*³³ onderteken. Dit het 'n einde aan die *Queen Anne's War*³⁴ gemaak. Die gevolg van die vredesonderhandeling was dat daar duisende goed opgeleide militêre soldate, insluitend seesoldate, skielik sonder werk gesit het. Dientengevolge het militêre opgeleide seesoldate hulself tot seerowery gewend en eventueel amok in die seewaters veroorsaak.³⁵

4.2 *Die volkeregtelike omskrywing van seerowery*³⁶

In die verlede is seerowery dikwels as 'n daad van terrorisme beskou en tot op hede is daar geen universeel vasgestelde definisie van seerowery nie.³⁷ Die *Convention on High Seas* van 1958 omskryf seerowery as 'n onwettige handeling van geweld waar die bemanning van 'n privaatskip 'n ander privaatskip en sy passasiers op die

³¹ Fisher 2002 <http://www.piratesinfo.com>.

³² Fisher 2002 <http://www.piratesinfo.com>.

³³ Die verdrag is in 1713 deur Europese lande onderteken wat by die Queen Anne's oorlog betrokke was.

³⁴ Die oorlog het vanaf 1702 tot 1713 plaasgevind. Engeland, Frankryk en later ook Groot Brittanje was die lande betrokke by die oorlog.

³⁵ Vallar 2003 <http://www.cindyvallar.com>).

³⁶ Daar sal net kortliks na die volkeregtelike omskrywing verwys word, aangesien hierdie navorsing in hoofsaak op die seeversekeringsreg konsentreer.

³⁷ Dugard *International Law: A South African Perspective* 157, 369.

oop see kaap/aanval/oorneem, en dan die opbrengs uit die optrede vir hulself toeëien.³⁸

Die *United Nations Convention on the Law of the Sea* van 1982³⁹ verklaar dat seerowery geweldadige aanvalle op privaatskepe is. Die aanvalle word deur privaat persone geloods met 'n bepaalde doel om die skip te kaap en die buit vir die kaptein en die bemanning van die seerowerskip se eie gewin aan te wend.⁴⁰

Die *Law of the Sea Convention* van 1982⁴¹ definieer seerowery as 'n handeling van geweld deur die bemanning van 'n privaat skip teenoor 'n ander privaat skip op die oop see. Dugard verklaar dat met die woord "privaat skip" word bedoel dat die skip wat die aanval of rooftog loods dit doen vir eie gewin en nie vir enige politieke, godsdienstige of militêre doeleindes nie.⁴²

Bercman beskryf in haar boek *Victims of Piracy*⁴³ seerowery as geweldadige aanvalle/rooftogte/kapings/plundering teen skepe wat op die oop see vaar.⁴⁴

Dubner omskryf in sy boek *The Law of International Sea Piracy*⁴⁵ seerowery as geweldadige aanvalle op skepe wat in die oop see vaar, sonder dat die skip wat die aanval loods enige wetlike toestemming of outoriteit het om so 'n handeling te kan verrig.⁴⁶

Daar is verskeie veiligheidskonvensies, onder andere die *Charter of the United Nations* wat aan militêre skepe die bevoegdheid gee om ander skepe te onderskep,

³⁸ A 15 van die *Convention on the High Seas*, 1958; Dubner *The Law of International Sea Piracy* 11. Die elemente van belang in hierdie omskrywing is onwettigheid, geweld, privaat skepe, oop see en toe-eiening.

³⁹ Hierna verwys as UNCLOS.

⁴⁰ Sien ook Dugard *International Law: A South African Perspective* 157. Die elemente van belang in hierdie omskrywing is geweld, privaatskepe, bepaalde doel van eie gewin. Daar word niks van onwettigheid en oop see gemeld nie.

⁴¹ Hierna verwys as LOSC.

⁴² Dugard *International Law: A South African Perspective* 369. Met inagneming van Dugard se verduideliking is die elemente van belang in hierdie omskrywing dus geweld, privaat skepe, eie gewin en oop see.

⁴³ Berckman *Victims of Piracy: The Admiralty Court* 15, 119, 123.

⁴⁴ In vergelyking met die ander omskrywings is hierdie omskrywing onvolledig omdat dit nie verwys na die elemente van privaat skepe, onwettigheid en eie gewin as doel.

⁴⁵ Dubner *The Law of International Sea Piracy* 6, 11, 15.

⁴⁶ Die bepaalde doel van eie gewin ontbreek in hierdie definisie.

te deursoek of oor te neem.⁴⁷ Die Veiligheids- en Sekuriteitsraad van Europa het in 1990 die Koninklike Vloot (*Royal Navy*) van Engeland toestemming gegee om olietenskepe wat na die destydse Rhodesië onderweg was te onderskep, omrede die olie *in transit* terrorisme bevorder het. Indien 'n oorlogskip 'n ander skip oorneem met die nodige outoriteit kan dit derhalwe nie as seerowery geklassifiseer word nie, omdat daar 'n militêre en 'n wettige motief (beskerming) betrokke was en geen j motief vir eie gewin nie.

Die Suid-Afrikaanse *Verdedigingswet* van 2002⁴⁸ verleen aan 'n verdedigingsmag van Suid-Afrika die bevoegdheid om 'n skip wat binne die territoriale waters van Suid-Afrika vaar te deursoek, oor te neem of die persone op die skip te arresteer.⁴⁹ Dus kan enige aanval op skepe wat 'n politieke of militêre motief het, nie as seerowery bestempel word nie.⁵⁰

Daar word telkemale verwys na die seerowers wat die buit of wins vir hulself toeëien. Ten spyte van naartoege ondersoek kon geen presiese definisie gevind word oor wat die buit moet wees of nie kan wees nie. Is dit byvoorbeeld steeds seerowery as selfs net die skip gebuit word, of gaan dit net oor dit wat op en in die skip is? Daar is egter geen omskrywing van wat die buit presies behels nie. Die submitisie is dat die woord buit enige toerusting, gereedskap of roerende items wat op die skip is,⁵¹ enige vrag wat die skip vervoer,⁵² of die skip in geheel kan wees.⁵³ Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie nie 'n geslote lys is nie.⁵⁴

⁴⁷ *Security Council Resolution*, 1966; *Security Council Resolution*, 1990. Sulke militêre bevels kan nie as seerowery bestempel word nie.

⁴⁸ *Verdedigingswet* 42 van 2002.

⁴⁹ Dugard *International Law: A South African Perspective* 369; a 25(1) van die *Verdedigingswet* 42 van 2002.

⁵⁰ Dit maak die vergelyking met terrorisme van kardinale belang.

⁵¹ *Athens Maritime Enterprises Corp v Hellenic Mutual War Risks Assn (Bermuda) Ltd (The Andreas Lemos)* [1983] QB 647; *Nathanson v Commercial Insurance Company* 1886 4 SC.

⁵² *The Merchants Marine Insurance Co Ltd* [1919] HL Nov 20; *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd* [1909] 1 KB 785 CA.

⁵³ *Larrinaga Steamship Company Ltd v The Crown* [1944] 77 LI Rep 102; *Cazalet v Morris & Company* 1916 IH (1 Div).

⁵⁴ So bv kan rowers moontlik die olie en brandstof waarmee die skip aangedryf word, steel en sal die diene dit waarskynlik steeds as seerowers kwalifiseer.

4.3 Gevolgtrekking ten opsigte van seerowery in die volkereg

Uit die gemelde bronne kan die volgende as minimum vereistes vir seerowery bestempel word:

- a) 'n Gewelddadige handeling;⁵⁵
- b) Wat op 'n aanval/rooftog/plundering/kaping van goedere en/of skepe neerkom;⁵⁶
- c) Deur privaat persone geloods;⁵⁷
- d) Die persone moet geen wetlike outoriteit of toestemming hê om die daad te pleeg nie;⁵⁸
- e) Die bepaalde doel is om die buit⁵⁹ vir hul eie gewin aan te wend;⁶⁰
- f) Die aanval word teen 'n privaat skip geloods;⁶¹
- g) Daar moet geen militêre motief vir die aanval wees nie;⁶²
- h) Daar moet geen politieke motief vir die aanval wees nie;⁶³
- i) Daar moet geen religieuse motief vir die aanval wees nie.⁶⁴

Wat opvallend is, is dat geen van die bogemelde omskrywings iets sê daaroor dat die aanval op die oop see buite territoriale waters moet plaasvind nie.

⁵⁵ Dugard *International Law: A South African Perspective* 157, 369; *Law of the Sea Convention*, 1982; Berckman *Victims of Piracy: The Admiralty Court* 15; Dubner *The Law of International Sea Piracy* 11.

⁵⁶ Berckman *Victims of Piracy: The Admiralty Court* 15, 119, 123; Dubner *The Law of International Sea Piracy* 1; a 15 van die *Convention on High Seas* 1958.

⁵⁷ Dugard *International Law: A South African Perspective* 157, 369; *Law of the Sea Convention*, 1982; Dubner *The Law of International Sea Piracy* 11; a 15 van die *Convention on High Seas* 1958.

⁵⁸ Dubner *The Law of International Sea Piracy* 6,11, 15.

⁵⁹ Sien die beskrywing hierbo. Roerende goed kan bv. wees juwele, geld, bates, skat, eiendom en bestittings waarvan die seerower/s onregmatige eienaarskap verkry.

⁶⁰ Dugard *International Law: A South African Perspective* 157, 369; a 15 van die *Convention on High Seas*, 1958.

⁶¹ Dugard *International Law: A South African Perspective* 157, 369; a 15 van die *Convention on High Seas*, 1958.

⁶² Dugard *International Law: A South African Perspective* 369; *Security Council Resolution*, 1966; *Security Council Resolution*, 1990.

⁶³ Dugard *International Law: A South African Perspective* 369.

⁶⁴ Dugard *International Law: A South African Perspective* 369. Derhalwe is my submissie dat seerowery bestempel kan word as 'n gewelddadige aanval, kaping, rooftog of plundering van 'n privaat skip deur 'n privaat persoon of persone op see, doelbewus vir eie finansiële gewin sonder enige godsdienstige, politieke of militêre motief.

5 Die begrip terrorisme⁶⁵

Die realiteit is dat die leier(s) van die seerowers dikwels so 'n groot mag op hom/hulself vestig, dat hy/hulle selfs een of ander vorm van gesag begin uitoefen. Hy/hulle versamel 'n groep mense om hom/hulle en begin meer en meer inpalm. Hy/hulle vestig inderdaad 'n sterk magsbasis en begin dan politieke druk uitoefen. Daarmee raak dit belangrik om tussen seerowery en terrorisme te onderskei, omdat iemand met mag en gesag ook politieke kan optree.

5.1 Historiese agtergrond

Die eerste aantekeninge van terrorisme strek sover terug as die Romeinse Ryk in die eerste eeu voor Christus.⁶⁶ In hierdie tyd het twee Joodse groepe genaamd *Sicarii* en *Zealots* daad van terreur teen die Romeinse Ryk geloods. Indien die Romeinse burgers nie teen die Romeinse konings en hul regering in opstand gekom het nie was die twee groepe verantwoordelik vir die ondergrondse teregstelling van sulke persone.⁶⁷ Die geheime afvallige Islamitiese groep, die *Assasians Ismalis of Nazaris*, het in die dertiende eeu duisende Christene vermoor ten einde die Islam geloof te rekonstrueer.⁶⁸ Dit is baie duidelik dat daar in die twee bogenoemde gevalle óf 'n politieke óf 'n religieuse motief vir die daad van terreur was.

Sedert 1960 het verskeie terreurdade veral op skepe en vaartuie na vore getree.⁶⁹ Op 14 Mei 1975 is die Amerikaanse vaartuig, die *Mayaguez*, deur die *Khmer Rouge* terroristegroep in die Kambodjaanse waters gekaap.⁷⁰ Dit het egter nie daar gebly nie. Die bemanning van die skip is aangehou terwyl daar ook 'n aantal goedere verdwyn het nadat die terroristegroep die kapingstoneel verlaat het. Die Amerikaanse spesiale taakmag het die skip en sy bemanning bevry.⁷¹ Op 7 Oktober

⁶⁵ Die *Oxford English Dictionary* omskryf terrorisme soos volg: "a Policy intended to strike with terror those against whom it is adopted; the employment of methods of intimidation".

⁶⁶ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 9.

⁶⁷ Rapaport *Religion and Terror* 152.

⁶⁸ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 9.

⁶⁹ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 10. Die rede vir die ontstaan van die terreurdade was politieke onstabiliteit in die betrokke lande.

⁷⁰ Die rede vir die kaping was dat die *Khmer Rouge*-terroristegroep in opstand gekom het teen die Amerikaanse regering as gevolg van politieke verskille.

⁷¹ Van Devort *International Law and Organisation* 472.

1985 is die Italiaanse passasierskip, die *Achille Lauro*, deur lede van die terroristegroep, die *Palestine Liberation Front*, in internasionale waters naby die kus van Egipte gekaap.⁷² Verskeie bemanningslede en passasiers is gevange gehou.⁷³ Op 12 Oktober 1999 het dertien Amerikaanse militêre personelede in 'n selfmoordbomaanval op die Amerikaanse vlootvaartuig die *USS Cole* omgekom.⁷⁴ Al drie die laasgenoemde aanvalle kan as dade van terreur bestempel word. Verder blyk dit duidelik dat daar 'n politieke motief vir beide die twee kapinge en die selfmoordbomaanval was. Die dade is in elk geval as terroristiese dade bestempel.

5.2 Die volkeregtelike omskrywing van terrorisme

Regter Richard Baxter het die volgende stelling oor terrorisme gemaak:⁷⁵

*We have cause to regret that a legal concept of "terrorism" was ever inflicted upon us. This term is imprecise, it is ambiguous, and above all, it serves no operative legal purpose.*⁷⁶

Schmid verklaar dat daar tot op hede geen universeel vasgestelde definisie vir terrorisme is nie.⁷⁷ Daarbenewens bestaan daar hoofsaaklik twee standpunte oor terrorisme. Slagoffers en teikens van terroristiese dade beskou terrorisme as 'n onregmatige gruwelhandeling waar onskuldige persone die prooi van politieke en militêre onstabiliteit is. Die slagoffers is gewoonlik almal voorstanders van deurslaggewende en afdwingbare maatreëls om hierdie handeling te bekamp en te beveg.⁷⁸ Die ander siening is dat geweld weliswaar gebruik kan word om die reg op

⁷² Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 11. Die kaping was te danke aan politieke verskille tussen die Palestynse *Liberation Front*-terroriste groep en die Italiaanse regering.

⁷³ Arend *International Law and the Use of Force* 148.

⁷⁴ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 13.

⁷⁵ Sien ook Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 14.

⁷⁶ Baxter 1974 *Akron Law Review* 380.

⁷⁷ Schmid *Political Terrorism* 119-158. Schmid identifiseer 109 verskillende definisies van terrorisme sedert 1936 tot en met 1981. 18 Jaar later is daar steeds geen vasgestelde definisie van terrorisme nie. Daar kan egter met sekerheid gesê word dat daar wel minimum faktore is waaraan 'n handeling moet voldoen alvorens dit as terrorisme geklassifiseer kan word.

⁷⁸ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 14.

selfbeskikking te verseker, sosiale en politieke onderdrukking teen te staan en 'n bepaalde ideologie te laat seëvier.⁷⁹

Terrorisme word as 'n relatiewe begrip beskou, omdat die media en pers terrorisme tans veralgemeen.⁸⁰ Daar is waarskynlik baie min handeling en misdade wat nog nie deur persone as 'n daad van terrorisme bestempel is nie.⁸¹ Kruger meld dat terrorisme in internasionale politieke kringe as 'n politieke middel tot 'n doel bestempel word. Daar word van geweld gebruik gemaak om die handeling te verrig. Die motief vir die handeling is polities omrede terroriste nie aanvalle loods vir individuele belang nie, maar veel eerder vir 'n politieke oortuiging, 'n saak van geloof of in belang van 'n spesifieke groep mense in die samelewing.⁸² Hy sê nie teen wie spesifiek die optrede gerig moet wees nie.

Die Volkebond het in 1973 terrorisme soos volg gedefinieer:⁸³

*Criminal acts against a state and intended or calculated to create a state of terror in the minds of particular persons, or a group of persons or the general public.*⁸⁴

Uit hierdie omskrywing kom die volgende aspekte na vore, naamlik kriminele optrede teen 'n staat, staat van terreur, intimidasie van spesifieke persone, groepe persone of die algemene publiek. Niks word gesê van premeditasie, geweld of dreigemente nie. Daar word ook nie presies gesê wie die oortreders moet of kan wees nie.

Die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake onderskryf die definisie van terrorisme soos dit in die *United States Code* van die Verenigde State van Amerika voorkom.⁸⁵

⁷⁹ Schachter *International Law in Theory and Practice* 120. Schachter staan sterk op die standpunt dat gebruikmaking van geweld geregverdig word waar 'n gemeenskap onderdruk word en veg vir selfbeskikking, onafhanklikheid en vryheid.

⁸⁰ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 14.

⁸¹ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 15.

⁸² Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 15.

⁸³ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 14.

⁸⁴ A 1(2) van die *Convention for the Prevention and Punishment of Terrorism*, 1937. Hierdie konvensie het egter nooit in werking getree nie omrede die Tweede wêreldoorlog belangstelling in die konvensie laat verloor het.

⁸⁵ Titel 22, a 2656(d) van die *United States Code*.

*Terrorism is a premeditated politically motivated violence perpetrated against noncombatant targets by subnational groups or clandestine agents, usually intended to influence an audience.*⁸⁶

Hieruit kom die aspekte van premeditasie,⁸⁷ intra-staatlike en ondergrondse groepe, politieke motiewe, geweld, nie-strydende teikens en beïnvloeding. Anders as met die Volkebond se verduideliking dat terrorisme optrede teen die staat is, word hier erken dat die optrede teen nie-strydende teikens is.

Die *Federal Bureau of Investigation* en die *Justice Department* van die Verenigde State van Amerika volg die definisie van terrorisme soos uiteengesit in die *Code of Federal Regulations*.⁸⁸ Die definisie lui soos volg:⁸⁹

*Terrorism is the unlawful use of force and violence against persons or property to intimidate or coerce a government, the civilian population, or any segment thereof, in furtherance of political or social objectives.*⁹⁰

Hieruit kom die aspekte van onregmatigheid, geweld, persone of eiendom, intimidasie, politieke of sosiale motiewe na vore. Hierdie omskrywing verwys na die intimidasie van die regering of burgerlike samelewing in die algemeen en die aksies is teen persone of eiendom. Die element van vrees word nie genoem nie. So 'n definisie is ook vir 'n ander rede nie volledig nie, omdat terrorisme nie net daadwerklike geweld is nie. Terrorisme kan ook slegs dreigemente van geweld wees.⁹¹ Volgens die Amerikaanse Departement van Verdediging⁹² is terrorisme aan die orde as die volgende gebeur:⁹³

Terrorism is the calculated use of violence or the threat of violence to inculcate fear, intended to coerce or to intimidate governments or societies in the pursuit of goals that are generally political, religious or ideological.

⁸⁶ Die *United States Code*.

⁸⁷ Voorafgaande oorlog; 'n misdad met premeditasie pleeg; met voorbedagte rade.

⁸⁸ *Code of Federal Regulations*.

⁸⁹ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17.

⁹⁰ Titel 28, a 0.85 van die *Code of Federal Regulations*.

⁹¹ Khun *Terrorism in International Law* 27.

⁹² The Department of Defence van die *United States of America*.

⁹³ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17.

Hierdie is 'n meer omvattende omskrywing en die relevante aspekte is premeditasie, geweld, dreigemente van geweld, vrees, intimidasie en 'n (politieke, religieuse of ideologiese) motief. Hoewel dit nie pertinent genoem word nie, meen ek dat die dreigement so ernstig moet wees dat dit die vrees inboesem van ernstige gevaar aan lewe en/of eiendom. In hierdie omskrywing word verwys na intimidasie van die regering of gemeenskappe spesifiek en nie bloot die burgerlike samelewing nie. Al wat nog onduidelik is, is teen wie of wat die geweld daadwerklik moet materialiseer? Waarskynlik word bedoel dat dit geweld teen privaat persone of amptelike persone en/of eiendom (privaat of publiek) kan wees, maar dit word nie uitdruklik genoem nie.

Beide Arend⁹⁴ en Murphy⁹⁵ is sterk ten gunste daarvan dat daar daadwerklike geweld of dreigement van geweld sonder enige toestemming of outoriteit betrokke moet wees. Khun⁹⁶ is egter van mening dat 'n dreigement van geweld slegs as poging tot terrorisme bestempel kan word en nie terrorisme op sigself nie. Daar moet 'n opsetlike⁹⁷ handeling gepleeg word met die doel om owerhede, groepe, individue en instellings te ontwig, te intimideer en omver te werp.⁹⁸ Die daad van handeling moet 'n politieke, sosiale, ideologiese of religieuse motief hê.⁹⁹ Beck¹⁰⁰ is weer van mening dat 'n politieke doelwit 'n vereiste moet wees indien terrorisme as daad geopper word.¹⁰¹ Dit is opvallend dat die werklike slagoffers byna nooit die teiken van die terroris is nie.¹⁰²

Al hierdie genoemde definisies is eerder verduidelikings as 'n akkurate definiëring van die noodsaaklike elemente. Volgens die bronne bestaan daar verskeie vorme van terrorisme: Nasionale terrorisme is daad van terreur wat gepleeg word deur plaaslike burgers teenoor die plaaslike owerheid, medeburgers of instansies van dieselfde land. Internasionale terrorisme word sodanig geklassifiseer wanneer meer

⁹⁴ Arend *International Law and the Use of Force* 141.

⁹⁵ Murphy *State Self Help and Problems of Public International Law* 577.

⁹⁶ Khun *Terrorism in International Law* 26.

⁹⁷ Khun *Terrorism in International Law* 27.

⁹⁸ Sien ook Schachter *International Law in Theory and Practice* 162.

⁹⁹ Hierdie standpunt word gesteun deur die Algemene Vergadering van die VN in a 2 van die VN resoluë: Measures to eliminate International Terrorism A/RES/55/158 (2001); Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 20.

¹⁰⁰ Arend *International Law and the Use of Force* 141.

¹⁰¹ Arend *International Law and the Use of Force* 142.

¹⁰² Arend *International Law and the Use of Force* 143.

as een land se burgers by die spesifieke daad van terreur betrokke is.¹⁰³ Transgrense terrorisme kan beskou word as 'n sinoniem vir internasionale terrorisme.¹⁰⁴ Dit is ook wanneer terroriste van verskillende bevolkingsgroepe en nasionale oorsprong saamwerk om 'n daad van terreur te beplan.¹⁰⁵ Terrorisme kan op land, maar ook op see of in die lug plaasvind.¹⁰⁶ Terrorisme hoef nie net op die grond, in die lugruimte of kuswaters van die betrokke land plaas te vind nie. Dit kan ook op enige ander plek teen die eiendom van daardie betrokke staat plaasvind.¹⁰⁷

5.3 *Gevolgtrekking ten opsigte van terrorisme in die volkereg*

Alhoewel daar nie een erkende, vasstaande en akkurate definisie van terrorisme is nie, moet die volgende minimum vereistes myns insiens teenwoordig wees:

- a) 'n Handeling van geweld of dreigement van geweld;¹⁰⁸
- b) Voorbedagte rade;
- c) Inboeseming van vrees;¹⁰⁹
- d) Die daders het geen wetlike outoriteit of toestemming nie;¹¹⁰
- e) Intimidasie as doel;
- f) Gerig teen 'n regering of gemeenskap;¹¹¹
- g) Bevordering van 'n sekere doel;¹¹²

¹⁰³ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 20.

¹⁰⁴ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 21. Dit is nie duidelik of internasionale terrorisme ook ter sprake is wanneer persone ten opsigte van 'n spesifieke regering wil optree, maar hul daad is op 'n ander land se eiendom of mense gerig nie. As voorbeeld kan genoem word waar persone daad in Suid-Afrika pleeg om verandering in Zimbabwe te bewerkstellig.

¹⁰⁵ 'n Voorbeelde van Transnasionale Terrorisme sal wees wanneer die Libanese Hezbollah, die Japannese Red Army en die Duitse Baadermeinhof groep interaktief saam met mekaar werk (Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 22).

¹⁰⁶ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17.

¹⁰⁷ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 18.

¹⁰⁸ A 1(2) van die Confention for the Prevention and Punishment of Terrorism, 1937; Titel 22, artikel 2656(d) van die Verenigde State van Amerika; Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17; Arend *International Law and the Use of Force* 141.

¹⁰⁹ A 1(2) van die Confention for the Prevention and Punishment of Terrorism; 1937. Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17; Titel 28, a 0.85 van die *Code of Federal Regulations*.

¹¹⁰ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17; Arend *International Law and the Use of Force* 141; Murphy *State Self Help and Problems of Public International Law* 577.

¹¹¹ The *United States Code*. Titel 28, a 0.85 van die *Code of Federal Regulations*; Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17; Schachter *International Law in Theory and Practice* 162.

¹¹² Schachter *International Law in Theory and Practice* 162; Khun *Terrorism in International Law* 27. Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 14.

- h) Die daad van terreur kan 'n politieke motief hê;¹¹³
- i) Die daad van terreur kan 'n religieuse motief hê;¹¹⁴
- j) Die daad van terreur kan 'n sosiale of ideologiese motief hê;¹¹⁵
- k) Die daad van terreur kan op die see, land en in die lug plaasvind;¹¹⁶
- l) Die daad van terreur materialiseer teen persoon of eiendom.

6 Die verskil tussen seerowery en terrorisme in die volkereg

Die feit dat seerowery vroeër jare as 'n daad van terrorisme beskou is, het 'n geweldige leemte en latere verwarring in die reg laat ontstaan. Deur die jare is daar meer direkte omskrywings van beide die begrippe verskaf, maar tot op hede is daar in die Volkereg nog geen vasgestelde, universeel erkende definisie vir beide seerowery of terrorisme nie.¹¹⁷ Dit is myns insiens nie noodsaaklik dat 'n definisie gegee moet word nie, juis omdat daar soveel verskyningsvorme van beide seerowery en terrorisme na vore tree, veral in die hedendaagse. Dit is voldoende dat 'n lys minimum vereistes beskikbaar is om die wesenlike verskil tussen die twee gruweldade uit te lig. Bestudering van hierdie minimum vereistes bring die volgende na vore: Eerstens het seerowery te make met geweldadige handeling wat op die oop see plaasvind, terwyl terrorisme geweldadige handeling of dreigemente van geweld op die see, land of lug kan wees. In die tweede plek word seerowery deur privaat persone geloods vir eie finansiële gewin, terwyl terrorisme deur 'n groep mense¹¹⁸ met 'n politieke, sosiale, religieuse of ideologiese motief gepleeg word. Die derde wesenlike verskil is dat seerowers privaat skepe teiken, terwyl terroriste hoofsaaklik 'n regering, 'n segment van die regering, 'n groep of 'n spesifieke gemeenskap teiken. Vierdens het terrorisme ten doel om te intimideer, te beïnvloed

¹¹³ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 15. Titel 22, a 2656(d) van die Verenigde State van Amerika; *The United States Code*. Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17; a 2 van die VN Resolusie.

¹¹⁴ A 2 van die VN resolusie; Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 15.

¹¹⁵ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 15.

¹¹⁶ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 17. Derhalwe is my submissie dat terrorisme 'n voorbedagte daad van of ernstige dreigement van geweld is deur 'n nie-otoritêre groep teen 'n regering, 'n segment daarvan of 'n gemeenskap of die eiendom daarvan wat vrees inboesem met die doel om diegene op politiese, religieuse of ideologiese wyse te beïnvloed of selfs omver te werp.

¹¹⁷ Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme* 26; Dugard *International Law a South African perspective* 163; Schmid *Political Terrorism* 119-158.

¹¹⁸ Die groep mense staan as terroriste bekend, hulle is intra-staatlike of ondergrondse groepe wat almal een doel nastreef.

of selfs omver te werp. Seerowers se primêre oogmerk is nie om iemand te intimideer of te beïnvloed nie. Die submitisie is dat gierigheid hul optrede motiveer.

Vervolgens aan die orde is die betekenis van hierdie begrippe soos dit in die seeversekeringspraktyk ontwikkel het. Om terrorisme en seerowery vir versekeringsdoeleindes te definieer, moet die benadering nie wees om 'n begrip van volkeregtelike aard en besonderheid te vind nie. Die submitisie is dat dit net, indien dit nodig blyk te wees, as hulpmiddel aangewend moet word in die interpretasie van die volkereg. Die interpretasie van klousules of begrippe in 'n versekeringpolis gaan immers oor die uitleg van 'n kommersiële kontrak. Terrorisme en seerowery moet in hul konteks geïnterpreteer word in ooreenstemming met "commercial common sense". Wat 'n mens dus hier het, is terrorisme en seerowery **in wesenlike sin**.

7 Seerowery in die seeversekeringspraktyk

In die seeversekeringskonteks was die klassifikasie van seerowery baie verwarrend. Oorspronklik is seerowery as 'n seerisiko geklassifiseer.¹¹⁹ Later is seerowery weer as 'n oorlogsrisko geklassifiseer.¹²⁰ Nietemin was skrywers¹²¹ van mening dat seerowery nie onder oorlogversekering moes val nie.¹²² Dit is vandag 'n gegewe

¹¹⁹ Soos in die geval van die Nederlandse Beurs Goederepolis waar "piraterij" in beginsel binne die gewone transportdekking of transportversekering val (Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jurisdiese en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 211). Die *Institute Cargo Clauses* (hierna die ICC) is waarskynlik die gewildste seeversekeringspolisse en word oor die wêreld heen in die seeversekeringspraktyk aangewend om versekerdes teen die risiko van verlies tydens seevaart te beskerm. Dit is veral die ICC(A), (B) en (C) klousules wat vir die in- en uitvoerder relevant is m.b.t. die in- of uitvoer van goedere en handelsware. Die ICC klousules is jare gelede deur die *International Underwriting Association of London* (voor 1998 bekend as die *Institute of London Underwriters*) opgestel. Hierdie klousules bevat die mees relevante bepalings van 'n seeversekeringskontrak (Van Niekerk en Schulze *South-African Law of International Trade* 203). Die mees onlangse klousules, die 1982 ICC, is intussen deur die *Joint Cargo Committee* hersien en vanaf 1 Januarie 2009 is die 2009 ICC op alle ICC polisse van toepassing. Dit is nodig om van tyd tot tyd die ICC te hersien en op te dateer vanweë die verbetering in tegnologie asook veranderde handelspraktyke en 'n toename in seeversekeringsbedrog.

¹²⁰ Onder die ou *Institute Time Clauses* was seerowery, ingevolge die *Free of capture and seizure*-klousule, van die standaarddekking uitgesluit. Seerowery dientengevolge as oorlogsrisko versekerbaar onder die *Institute Time War Clauses* (Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jurisdiese en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 211).

¹²¹ Skrywers soos Rose, O'May, Hare en Bennett wat almal in die konteks van die seeversekeringsreg skryf.

¹²² Sedert die uitreiking van die 1982 en 2009 ICC, val seerowery onder gewone seerisiko's (sien bv Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jurisdiese en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 211).

dat die risiko van seerowery en verliese as gevolg daarvan kragtens die seeversekeringsreg ingevolge seeversekeringklousules moet geskied.¹²³ Tans word seerowery in die ICC uitdruklik by oorlogsversekeringklousules uitgesluit. Seerowery kan gevolglik onder die standaarddekking as seerisiko verseker word, omdat dit in beginsel 'n seerisiko is. Seerowery word deur die ICC (A) – wat 'n alle risiko polis is – gedek, omdat dit uitdruklik in klousule 6 ingesluit word. Die ICC (B) en (C) maak egter nie voorsiening vir die dekking van seerowery nie. Dus kan eise rakende seerowery slegs suksesvol wees indien daar spesifieke versekering ten opsigte van seerowery uitgeneem word.¹²⁴

Templeman omskryf 'n seerower soos volg:

*A man who satisfies his personal greed or his personal vengeance by robbery or murder in places beyond the jurisdiction of a state.*¹²⁵

Dover aanvaar woordeliks die omskrywing van Lord Justice Vaughan Williams in die saak van die *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd*.¹²⁶

*A pirate is a man who is plundering indiscriminately for his own ends, and not a man who is simply operating against the property of a particular state for a public end, the end of establishing a government, although that act may be illegal and even criminal, and although he may not be acting on behalf of a society which is,, politically organised.*¹²⁷

¹²³ Van Huizen wys daarop dat 'n eksplisiete vermelding van seerowery as risiko in die ICC ontbreek. Maar omdat seerowery nie in die opsomming van die "war risk" voorkom nie, beteken dit implisiet dat dit in beginsel 'n risiko is wat dan onder die standaarddekking as 'n seerisiko verseker kan word. (Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jursidische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 236). Sien ook Hodges *Law of Marine Insurance* 213; Hodges *Law of Marine Insurance* 212; Rose *Marine Insurance: Law and Practice* 279

¹²⁴ 'n Versekerde het dus slegs dekking teen seerowery, wanneer hy van die ICC (B) of (C) gebruik maak, as hy hom addisioneel en uitdruklik daarteen verseker het (Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jursidische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 236).

¹²⁵ Templeman *Marine Insurance its Principles & Practice* 101. Soos later gesien kan word, kan seerowery egter ook in territoriale waters geskied.

¹²⁶ 1909 1 KB 785 CA.

¹²⁷ Dover *Elements and Practice of Marine Insurance* 67; *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd* 1909 1 KB 785 CA; Bennett *The Law of Marine Insurance* 153.

In dié saak is daar goedere deur die Boliviaanse regering op die Amasone na El Acre verskeep. Die versekeraar het onderneem om skade as gevolg van seerowery en ander gevare wat tydens die reis kan ontstaan, te vergoed. Die polis het die volgende bepaling bevat:

Warranted free of capture, seizure, and detention, and the consequences thereof, or any attempt thereat, piracy excepted, and also from all consequences of riots, civil commotions, hostilities, or warlike operations, whether before or after declaration of war.

Die goedere wat ingevolge die genoemde polis verseker was, het aan die regering van Bolivia behoort. Dit was proviand vir hul troepe in die omgewing van El Acre. Die troepe was daar om 'n georganiseerde groep wat die Boliviaanse regering omver wou werp, te beveg. Intussen was Brasiliaanse grensburgers bekommerd dat die regering van Bolivia van die Brasiliaanse dorpe wou oorneem en hul mag daar sal vestig. Die Brasiliaanse burgers het die vrag onderskep en die goedere is weggesleep. Die versekerde het toe 'n eis vir skade as gevolg van seerowery teen die versekeringsmaatskappy ingestel. Regter Pickford het beslis dat alhoewel die aanval aan baie van die elemente van seerowery voldoen het, die Brasiliaanse burgers nie die aanval vir eie gewin geloods het nie, maar eerder vir politieke doeleindes. Dit was inderdaad die geval omdat die Brasiliaanse burgers bang was dat die regering van Bolivia se gesag toenemend sal groei. Daarteenoor is seerowers persone wat willekeurig en voor die voet plunder.

Kragtens die seeversekeringsreg moet die begrip seerowery volgens logiese besigheidsin geïnterpreteer word.¹²⁸ Hiermee word met ander woorde erken dat dit by seeversekering nie oor volkeregtelike aangeleenthede gaan nie, maar eerder oor die interpretasie van 'n kommersiële kontrak.

In die *Bolivia*-saak¹²⁹ meen Lord Kennedy dat net van seerowery gepraat kan word wanneer die geroofde goedere daadwerklik weggesleep is.¹³⁰ Dit staan in kontras

¹²⁸ Bennett *The Law of Marine Insurance* 153, 199. Die skrywer noem dit "commercial common sence" en kan ook beteken dat die woord op 'n praktiese en doelmatige wyse geïnterpreteer moet word.

¹²⁹ *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd [1909] 1 KB 785 CA.*

met 'n latere uitspraak van die Privy Council¹³¹ in 'n saak oor die volkeregtelike begrip seerowery waarin beslis is dat:

*Actual robbery is not an essential element in the crime of piracy jure gentium.
A frustrated attempt to commit a piratical robbery is equally piracy jure gentium.*

In hoeverre is hierdie uitspraak van betekenis vir die begrip seerowery in die versekeringsregtelike sin? In Carver se *Carriage of Goods by Sea*¹³² verwys die skrywer na die latere beslissing van die Prive Council en voeg dan by die omskrywing van seerowery dat "actual robbery is not, however, an essential element".¹³³ Dit blyk dan vir my die omskrywing in die vervoerreg te wees. Dit is nie duidelik of dit ook in die seeversekering so aanvaar word nie, want seerowery word oor die algemeen deur seeversekeringspolisse omskryf as die situasie waar persone na willekeur skepe op die oop see plunder vir hul eie gewin en geensins enige politieke of militêre motief vir die plundery het nie.¹³⁴ Niks word gewoonlik gesê oor 'n plundering wat nie uiteindelik in 'n wegsleep, verwydering of wegvoer opeindig nie. Dit is waarskynlik die geval waar 'n mens met poging tot seerowery te doen sal kry. Die vraag is of dit in die seeversekeringreg so gebruik word. Dit word hieronder bespreek.

Ivamy¹³⁵ het die volgende omskrywing rakende seerowery gegee:

*The acts of persons who, without legal commission for the purposes, plundering other vessels, without stealth, indiscriminately at sea for their own ends.*¹³⁶

¹³⁰ Sien ook Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Juridische en Rechtsvergelijkende Beskouwingen* 212.

¹³¹ *Re Piracy Jure Gentium* [1994] 49 LI Rep 411.

¹³² Carver *Carriage by Sea* 235.

¹³³ Sien ook Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Juridische en Rechtsvergelijkende Beskouwingen* 212.

¹³⁴ O'May *Marine Insurance Law and Policy* 124: "Persons plundering indiscriminately for their own end, and not persons operating, even illegally and criminally, against the property of a particular state for a public political end."

¹³⁵ Ivamy *Marine Insurance* 154.

¹³⁶ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 744.

Die faktore wat hieruit afgelei kan word, is die afwesigheid van regsgrond, openlikheid, plundering, willekeur en eie belang. Die omskrywing verwys nie na geweld of die oop see nie. Waarskynlik word met "other vessel" privaatskepe bedoel. Dit word egter nie duidelik so gestel nie. Daar word ook nie gespesifiseer dat "own ends" nie politiese, religieuse of militêre motiewe kan wees nie.

Seerowery word deur Hodges¹³⁷ omskryf as roof op die oop see waar rowers die eiendom van persone op 'n gewelddadige wyse afneem, sonder enige wetlike outoriteit, met die motief om die gesteelde goedere vir hulself toe te eien.¹³⁸ Daar is egter gesag daarvoor dat, anders as die volkeregtelike begrip van seerowery, seerowery ingevolge die seeversekeringsregtelike sin nie tot ekstra territoriale waters beperk word nie.¹³⁹

In the context of an Marine insurance policy, in the ordinary meaning of the phrase, "at sea" or if the attack upon her can be described as a "marine offence" then for the business purposes of a policy of insurance she is, in my judgement, in a place where piracy can be committed.¹⁴⁰

In die *Andreas Lemos*-saak het persone gewapen met messe 'n skip binnegedring met die bedoeling om te steel sonder geweld. Die persone het nietemin die moontlikheid van weerstand of inmenging voorsien. Dán sou hulle geweld of dreigemente van geweld gebruik ten einde suksesvol in hul aksie te wees. Tot die persone se eie verbasing het hul verskeie toerusting gesteel en boonop gevlug sonder om van enige vorm van geweld gebruik te maak. Regter Staughton het bevind dat daar geen vorm van geweld was nie en dat die daad nie as seerowery omskryf kan word nie. Die verlies was as gevolg van klandestiene diefstal. Rose is van mening dat diefstal sonder geweld of dreigement van geweld nie seerowery in terme van 'n seeversekeringspolis is nie.¹⁴¹ Die hof het ook verder in die *Andreas*

¹³⁷ Hodges *Law of Marine Insurance*.

¹³⁸ Hodges *Law of Marine Insurance* 312.

¹³⁹ Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jursidische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 213.

¹⁴⁰ *Athens Maritime Enterprises Corp v Hellenic Mutual War Risk Assn (Bermuda) Ltd (The Andreas Lemos)* [1983] QB 647. (hierna "the *Andreas Lemos*").

¹⁴¹ *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 281.

Lemos-saak¹⁴² bevind dat hul geen rede sien waarom seerowery tot die oop see beperk moet word nie. In die seeversekeringskonteks word die frase “*on sea*” letterlik opgeneem. Indien die skip op die see is, is die skip op ‘n plek waar seerowery wel kan plaasvind.¹⁴³ Regter Staughton het in die saak bepaal dat indien seeversekeringspolis se ter sprake is, seerowery wel binne territoriale waters kan plaasvind.¹⁴⁴

’n Interessante situasie ontstaan in die geval van “poging tot seerowery”. Kan ‘n versekerde skadevergoeding eis in die geval waar die seerowery nie geslaagd was nie en die optrede as ‘n poging tot seerowery gesien kan word? Hierdie is juis ‘n voorbeeld waar daar geen daadwerklike uitvoering van die diefstal was nie.¹⁴⁵ Van Huizen se standpunt is dat seerowery ooreenkomste met die risiko van “violent theft” vertoon. Vir sover seerowery geskied deur persone van buite die vaartuig, kan dit net so goed as “violent theft” onder dekking gebring word. In die geval van “violent theft” is ‘n eis vir poging daartoe weliswaar ontvanklik. Hy wys dan daarop dat aangesien nóg in die regspraak nóg in die literatuur vir die voorwaarde van daadwerklike uitvoering van die diefstal “violent theft” gestel word, behoort skade aan die skip en goedere as gevolg van ‘n poging tot seerowery ook gedek te word soos in die geval van “violent theft” gedoen word.¹⁴⁶ Van Huizen verklaar dat ‘n poging tot seerowery onder omstandighede ewe goed as “barratry” gesien word.¹⁴⁷ Daaronder word verstaan “every wrongful act wilfully committed by the master or crew to the prejudice of the owner, or as the case may be, the charterer”.¹⁴⁸ Nog ‘n situasie waarin seerowery ook relevant is, doen hom voor wanneer die passasiers van die

¹⁴² *Athens Maritime Enterprises Corp v Hellenic Mutual War Risks Assn (Bermuda) Ltd (The Andreas Lemos)* 1982 2 LI Rep 483, QB.

¹⁴³ *Hodges Law of Marine Insurance* 213.

¹⁴⁴ *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 280; Bennett *The Law of Marine Insurance* 153.

¹⁴⁵ Vgl die situasie hierbo by die kwessie oor die daadwerklike “wagsleep” van die goedere.

¹⁴⁶ Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Juridische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 212.

¹⁴⁷ Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Juridische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* 213.

¹⁴⁸ *Ivamy Marine Insurance* 155-156 verduidelik dat die bemanning van ‘n skip wat muit, haar oorneem en haar dan wagsleep, as seerowers beskou kan word. Hy wys daarop dat in sulke gevalle die verlies ook toegeskryf kan word aan *barratry*. Die buit van ‘n skip deur ‘n liggaam van uitgewekenes is *piratical*, en die versekeraars sal aanspreeklik wees onder die woord *pirates*. *Ivamy* wys ook op die volgende omstandighede, naamlik die oornam van ‘n skip deur uitgewekenes wat gemuit het en die kaptein en van die bemanning vermoor het. Hy sien dit as ‘n daad van seerowery en dan is die verlies gedek deur die woord seerowery.

skip die skip plunder of poog om te plunder. Van Huizen meld dat dit nie onder "violent theft" tuisgebring word nie, omdat die vereiste hiervoor is dat dit moet geskied deur persone van buite die skip. Ewe min kan dit dan "barratry" wees, omdat laasgenoemde beperk is tot die kaptein en/of bemanning. Dit is Van Huizen se mening dat seerowery as risiko of gebeurtenis dan die ruimte opneem wat die risiko "violent theft by persons from outside the vessel" en "barratry" laat. Dan het dit 'n funksie, te meer omdat seerowery in versekeringsregtelike sin nie meer beperk is tot ekstra territoriale waters nie, anders as die volkeregtelike begrip seerowery.

Volgens *The Andreas Lemos*-saak beteken dit nie dat seerowery voorkom op elke plek waar 'n skip kan kom nie, te wete "at a place where the tide flows and below all bridges".¹⁴⁹ As 'n vaartuig in die gewone betekenis van die frase "at sea" is of as die aanval op haar toegeskryf kan word as 'n "maritime offence", dan is sy op 'n plek waar seerowery kan plaasvind.¹⁵⁰ Lord Justice Kennedy in die saak van *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co*¹⁵¹ gaan nog verder en meen dat die begrip seerowery in die onderhawige geval 'n ander betekenis het: 'n Seeversekeringspolis is nie voldoende vir 'n reis oor die Amasone nie.

In die saak van *Banque Monetaca and Carystuiaki v Motor Union Insurance Co Ltd*¹⁵² is 'n Griekse masjien aangedrewe jag verseker onder 'n oorlogsriskopolis. Die polis het egter verlies as gevolg van seerowery uitgesluit. Ten tye van die vaart was daar oorlog tussen Griekeland en Turkye. Die vaartuig was in die hawe van die Swart See aan die kus van Turkey toe sy deur ene Osman Agha, 'n rower en skelm wat die dorpie beheer het, afgeneem is. Die gevolg van die kaping was dat die vaartuig misteries verdwyn het en daar nooit weer iets van die skip gehoor is nie. Die versekerde het vir totale verlies deur versekerde gevare geëis, maar die versekeraars het geweier om uit te betaal. Hulle het aangevoer dat die vaartuig verloor was as gevolg van seerowery. Regter Rocher het bevind dat die verlies die gevolg was van die kaping deur 'n vyand en politieke leier. Dit was nie as gevolg van

¹⁴⁹ *The Andreas Lemos* [1982] 2 LI Rep 483.

¹⁵⁰ Ibid.

¹⁵¹ [1909] 1 KB 785 CA.

¹⁵² [1923] 14 LI Rep 48 KBD.

'n strooptog of aanval deur seerowers nie.¹⁵³ Die regter het die definisie van seerowery deur regter Pickford in die *Bolivia*-saak aanvaar en hy verklaar:

I am satisfied, so far as I have the evidence, that in this case there was a loss from seizure and not from piracy. My reasons are as follows: There is no doubt that the person mentioned in the allegations, Osman Agha, was, by common consent, a person of low character, and that he was and had been a brigand. At the time, however, it is established upon evidence, upon which I ought to act, that he had arrived – as even a brigand might do – at a position of considerable authority, and that he was virtually controlling, as dictator, the region in which this seizure took place ... Of course, capture or seizure among civilised people is always identified with the form of taking the ship seized before the Prize Court. Osman Agha or the Kemalists did not indulge in that form, but the absence of the legal form does not seem to me to alter the substance of the matter, which is that this purported to be a seizure and capture of an enemy vessel rather than a raid of brigands upon such a vessel.

Dus kan afgelei word dat die ene Osman Agha nie as seerower geklassifiseer kan word nie omrede hy sterk politieke invloed gehad het toe hy die dorpie onregmatig beheer het. As gevolg van sy onregmatige bedrywighede en waarskynlik as gevolg van vrees wat hy hiervoor ingeboesem het, het hy 'n groot magsbasis om hom gebou en *de facto* politiese beheer uitgeoefen. Indien daar 'n politieke motief vir 'n aanval betrokke is, kan die aanval nie as seerowery geklassifiseer word nie.¹⁵⁴

Nog 'n interessante geval kom voor in die saak van *Rickards v Forestal Land, Timber and Railways Co Ltd*.¹⁵⁵ Kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die kaptein van 'n Duitse vaartuig beveel om 'n neutrale hawe te soek óf om na Duitsland terug te keer óf as laaste poging die vaartuig self te laat sink. Oorlog breek uit en die vaartuig vaar van Rio de Janeiro na Duitsland en laat haarself sink by die Faroe Eilande om gevangeneeming deur 'n Engelse oorlogskip te vermy. Die versekerde goedere is verlore. Die *House of Lords* het beslis dat die verlies van die

¹⁵³ *Ivamy Marine Insurance* 160.

¹⁵⁴ *Dover Elements and Practice of Marine Insurance* 67; *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd* [1909] 1 KB 785 CA; Bennett *The Law of Marine Insurance* 153; Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 745.

¹⁵⁵ [1942] AC 50.

goedere nie die gevolg van seerowery was nie. Die kaptein se optrede om van Rio te vaar was gedoen op uitdruklike bevel van die Duitse regering self.¹⁵⁶

Hare¹⁵⁷ is van mening dat seerowery daad van geweld is wat seerowers pleeg as gevolg van die belowende feit dat die opbrengs of te wel gesteelde goedere vir hulself toegeëien kan word. Die klem word egter op die term “eie belang” gelê. Hare noem ook dat indien daar enige daad gepleeg word wat aan al die elemente van seerowery voldoen en daar ‘n politieke motief agter die aanval is, sal die aanval nie as seerowery deur die seeversekeringsmaatskappy bestempel word nie. Die gevolg sal wees dat die seeversekeringsmaatskappy sal weier om ‘n eis uit te betaal indien seerowery die grondslag van die eiser se verweer in die betrokke eis was.¹⁵⁸ Hare noem en bespreek geensins dreigemente van geweld of poging tot seerowery nie.¹⁵⁹

My mening is dat ‘n persoon eerstens as ‘n seerower¹⁶⁰ geklassifiseer moet word alvorens so ‘n persoon of groep persone ‘n daad van seerowery kan pleeg. Dit is my standpunt dat wanneer ‘n bende ‘n skip bestyg of betree en dit plunder, hulle seerowers is binne die betekenis van ‘n seeversekeringspolis. Maar die plundering deur skipbreukelinge is uit die aard van die saak ‘n verlies deur gevare van die see (*perils of the seas*) en nie seerowery nie. Volgens my kan die plundering deur skipbreukelinge (wreckers) dus as ‘n verlies deur gevare van die see geklassifiseer word, eerder as seerowery.¹⁶¹ Eie gewin of persoonlike gulsigheid is ‘n element van kardinale belang ten opsigte van seerowery. So ook die element van onoordeelkundige, arbitrêre en willekeurige plundering sonder onderskeid. Indien enige staat of politieke motief betrokke is, sal die “eie gewin” element en die “willekeurige” element outomaties ontbreek en sal so ‘n daad nie as seerowery geklassifiseer kan word nie.

¹⁵⁶ *Dover Elements and Practice of Marine Insurance* 67.

¹⁵⁷ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 654

¹⁵⁸ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 745.

¹⁵⁹ Hare *Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 654-745.

¹⁶⁰ 'n Persoon wat sy gierige persoonlike behoeftes bevredig deur willekeurig en sonder voorkeur op see met geweld te roof en/of te moor. Die goedere wat die seerower in besit neem word dan deur die seerower geag sy eie onregmatige besittings te wees waarvan hy die (onregmatige) eienaar is.

¹⁶¹ *Ivamy Marine Insurance* 156.

7.1 Gevolgtrekking ten opsigte van seerowery

Indien 'n versekerde versekering op goedere uitgeneem het ingevolge seerowery in die seeversekeringskonteks moet die volgende minimum vereistes teenwoordig wees:

- a) 'n Gewelddadige handeling/rooftog/plundering of kaping;¹⁶²
- b) Van goedere op die skip of die skip self (buit);
- c) Deur privaat persone;¹⁶³
- d) Op see (die oop see of binne territoriale waters);¹⁶⁴
- e) Vir eie gewin;¹⁶⁵
- f) Die seerowers het geen wetlike outoriteit of toestemming nie;¹⁶⁶
- g) Geen politieke of militêre motief mag betrokke wees nie.¹⁶⁷

Die wesenlike verskil tussen die begrip seerowery, geïnterpreteer deur die volkereg en die seeversekeringspraktyk, is dat seerowery ingevolge die volkereg slegs buite territoriale waters¹⁶⁸ kan plaasvind, terwyl seerowery ingevolge die seeversekeringsreg nie tot territoriale waters beperk is nie.¹⁶⁹ Dit kom ook duidelik na vore dat daar daadwerklike geweld betrokke moet wees alvorens seerowery betrokke kan wees ingevolge die seeversekeringskonteks en nie net 'n dreigement van geweld nie. Daar is gesag daarvoor dat 'n versekerde ook van die versekeraar

¹⁶² *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 281; *Templeman Marine Insurance its Principles & Practice* 101; *Dover Elements and Practice of Marine Insurance* 67; *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Mar Ass Co Ltd* 785; *Bennett The Law of Marine Insurance* 153; *O'May Marine Insurance Law and Policy* 124; *Hare Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 744

¹⁶³ *Templeman Marine Insurance its Principles & Practice* 101; *Dover Elements and Practice of Marine Insurance* 67; *Hare Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 744.

¹⁶⁴ *Hodges Law of Marine Insurance* 213. Indien 'n skip op die oop see vaar is so 'n skip vatbaar vir seerowery.

¹⁶⁵ *Templeman Marine Insurance its Principles & Practice* 101; *Dover Elements and Practice of Marine Insurance*; *Hodges Law of Marine Insurance* 213; *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 281; *Bennett The Law of Marine Insurance* 153.

¹⁶⁶ *Hare Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 744; *O'May Marine Insurance Law and Policy* 124; *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 280; *Bennett The Law of Marine Insurance* 153.

¹⁶⁷ *Dover Elements and Practice of Marine Insurance* 67; *Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd [1909] 1 KB 785 CA*; *Bennett The Law of Marine Insurance* 153; *Hare Shipping Law & Admiralty Jurisdiction in South Africa* 745.

¹⁶⁸ *Dugard International Law: A South African Perspective* 369

¹⁶⁹ *Hodges Law of Marine Insurance* 213; *Rose Marine Insurance: Law and Practice* 280; *Bennett The Law of Marine Insurance* 153; *Athens Maritime Enterprises Corp v Hellenic Mutual War Riss Assn (Bermuda) Ltd (The Andreas Lemos) [1982] 2 LI Rep 483, QB.*

kan eis vir skade gely as gevolg van “poging tot seerowery”. Hierdie standpunt word nie by die ander skrywers aangetref nie. So ‘n standpunt is vatbaar vir verskeie interpretasies. Dit kan beteken dat die versekerde sal kan eis selfs in die geval waar daar nie ‘n daadwerklik uitvoering van die diefstal was nie – die diefstal is nie voltooi nie. Alhoewel seerowery hierdie uitgebreide betekenis in die vervoerreg gekry het, is dit nie seker of die uitbreiding van die begrip ook in die versekeringsreg aanvaar is nie. In die vervoerreg is die daadwerklike uitvoering van die diefstal nie ‘n vereiste vir seerowery nie. As die uitvoering van die diefstal nie plaasvind nie, is dit nie ‘n “poging” tot seerowery nie, maar seerowery *per se*.

Verder kan “poging” ook beteken dat die seerowers nie geslaag het nie, omdat hul optrede onderdruk was deur die persone wat aangeval is – hulle het verloor. Dit is dus nie ‘n geslaagde seerowery nie. Sal die versekerde sy skade wat hy so opgedoen het van die versekeraar kan eis? Ter wille van billikheid is dit my mening dat die versekerde in albei gevalle vir sy skade gely, moet kan eis op grond van poging tot seerowery. Daar is nie aan die gestelde vereistes voldoen nie, maar op grond van “commercial common sense” behoort ‘n eis te kan slaag.

Behalwe vir hierdie aspekte stem die volkeregtelike omskrywing van seerowery grotendeels ooreen met die omskrywing van seerowery in die seeversekeringkonteks.

8 Terrorisme in die seeversekeringkonteks

Tradisioneel word terrorisme gekonnoteer aan die strewe vir politieke doelwitte deur geweld.¹⁷⁰ O’May is van mening dat terrorisme vandag in baie verskillende vorme manifesteer. Terrorisme kan deur verskillende groepe, sektes en bewegings as ‘n instrument gebruik word met ‘n politieke, religieuse of ideologiese motief.¹⁷¹ Terrorisme as sulks is nog nie volledig in die seeversekeringkonteks omskryf nie. Skrywers¹⁷² is van mening dat terrorisme baie wyd geformuleer is. Dit is egter baie belangrik om in gedagte te hou dat enige persoon wat met ‘n politieke motief optree

¹⁷⁰ Hodges *Law of Marine Insurance* 212.

¹⁷¹ O’May *Marine Insurance Law and Policy* 312.

¹⁷² Hodges, Hare en Gordon & Getz is skrywers oor seeversekering wat nie pertinente omskrywings rakende terrorisme in hul boeke weergegee het nie.

nie outomaties as 'n terroris geklassifiseer kan word nie.¹⁷³ Daar moet duidelikheid wees dat die persoon of groep persone wel hatig en kwaadwillig optree met 'n definitiewe politieke doelwit van geweld om vrees in te boesem. In 1985 het 'n groep Palestynse terroriste 'n passasierskip, genaamd die *Achille Lauro*, gekaap, die passasiers en die bemanning gevange gehou en vereis dat Israelse gevangenes vrygelaat moet word. Die handeling kon nie as seerowery bestempel word nie, omdat daar 'n sterk politieke motief agter die daad was. Dit was eerder terrorisme.¹⁷⁴

Hoewel die bedoeling aanvanklik was dat die woord "terroris" inhou die najaag van 'n politieke beleid met behulp van skrik, angs en vrees, kan dit nie daartoe beperk word nie.¹⁷⁵ Die nuwe neiging is dat daardie persone wat in daad van terrorisme in die meer nuwe, moderne en populêre sin van die woord betrokke is, ingesluit moet word. Hierdie nuwe, moderne en populêre sin sluit in mense wat vermoor, beseer of vernietig net ter wille daarvan. Dit sluit ook daardie persone in wat betrokke is by weerwraak. Voorbeelde hiervan is waar Britse troepe nie van plan is om Noord-lerland te verlaat nie; weerwraak omdat Duitsland en Italië wesenlik kapitalistiese state is en nie van plan is om hulself in sosialistiese state te verander nie; weerwraak omdat die Israeli's nie van plan is om Palestina aan die Palestyne te gee nie.¹⁷⁶ Misdadigers of hulle wat wraak koester gee nie noodwendig om wie hulle vermoor of beseer of wat hulle vernietig en of dit persoonlike voordeel vir hulself inhou nie. Miller tref 'n onderskeid aan die een kant tussen 'n politieke oogmerk wat bereikbaar, is ongeag hoe vergesog en onredelik die verwagting.¹⁷⁷ Aan die ander kant 'n kriminele optrede of 'n weerwraak- of griewe handeling wat 'n vorm van protes is teen iets wat nie sal verander nie of nie maklik verander sal word nie.¹⁷⁸ Die bedoeling was en is steeds dat 'n terroris beskou moet word as iemand wat betrokke is by daad van

¹⁷³ O'May *Marine Insurance Law and Policy* 312.

¹⁷⁴ Dugard *International Law a: South African perspective* 165.

¹⁷⁵ Miller *Marine War Risks* 181-182 noem 'n paar omskrywings wat in die seeversekeringskonteks gebruik is: "Anyone who attempts to further his views by a system of coercive intimidation"; "one who entertains, professes or tries to awaken or spread a feeling of terror or alarm; an alarmist, a scaremonger"; die terroris het "a policy intended to strike with terror those against whom it is adopted; the employment of methods of intimidation; the fact of terrorising or condition of being terrorised"; "to strike with terror, to terrify".

¹⁷⁶ Sien Miller *Marine War Risks* 182.

¹⁷⁷ Miller *Marine War Risks* 182.

¹⁷⁸ Sien Miller *Marine War Risks* 182.

geweld teen persone of eiendom vir 'n doel of rede, hoe verwyderd of misvorm dit ookal is.¹⁷⁹

'n Voorbeeld is die massamoord op die *City of Poros*. Die skip het van Piraeus geseil met 400 dagtoeriste aan boord vir 'n toer van die Griekse eilande. 'n Terroristegroep het handgranate onder die passasiers gegooi en begin lostrek met masjiengewere. Baie mense is beseer of gedood en die skip is ook ernstig beskadig. Die aanval was deeglik beplan met aansienlike mate van organisasie. Vinnige motorbote was beskikbaar om die misdadigers van die misdaadtoneel weg te neem. Daar is vermoed dat die *Abu Nidal* terroristegroep moontlik verantwoordelik was. Dié groep het 'n grief gekoester, omdat die staat van Israel aanhou voortbestaan.¹⁸⁰ Om Israel eenvoudig te "ontbind" is tog onmoontlik.

Miller¹⁸¹ toon aan dat nie van die versekerde verwag word om te bewys wat hierdie bedoeling of rede is nie. Dit sal byna onmoontlik vir hom wees om dit te doen. Hy sê:

Any evidence which he might succeed in calling would merely turn the court into the sounding-board for a number of weird causes besides being so hazy, confused and illogical that not even the analytical powers of the judges could disentangle it. Apart from this, it is quite unrealistic to expect those guilty, either directly or indirectly of atrocious crimes to provide an explanation in court why they should be arrested and sentenced to long terms imprisonment.

Die daad moet vir homself spreek. Die doel of rede moet aanvaar word om te bestaan. Die voorwaarde is dat dit redelik duidelik moet wees watter terroristegroep die gruweldaad gepleeg het, of op die oorwig van waarskynlikhede dat dit een van 'n aantal van, of kombinasie van sulke groepe was en wat die algemene oogmerke van daardie groep of groepe in die algemeen was.¹⁸²

Nietemin moet duidelik onderskeid gemaak word tussen skrikwekkende en geweldadige gewone misdrywe soos roof en die daade van werklike of opregte terroriste. Maar om 'n onrealistiese las op die versekerde te plaas om motiewe agter

¹⁷⁹ Miller *Marine War Risks* 183.

¹⁸⁰ Miller *Marine War Risks* 185.

¹⁸¹ Miller *Marine War Risks* 183.

¹⁸² Miller *Marine War Risks* 183.

dade vas te stel wat enige redelike persoon sal beskou as terroristiese handeling, is onredelik.¹⁸³ So 'n las kan verlig word deur die motief uit die aard van die daad af te lei. Dus kan 'n "common sense" benadering aanbeveel word.¹⁸⁴

Chau omskryf terrorisme soos volg:¹⁸⁵

Terrorism is the use of violence for political ends, and includes any use of violence for the purpose of putting the public or any section of the public in fear.

Hieruit kan duidelik gesien word dat elemente soos geweld, politieke motief, publieke afpersing en vrees in terrorisme na vore tree.

Bennett¹⁸⁶ verbind terrorisme aan 'n instrument wat gebruik kan word om politieke doelwitte te bereik deur van geweld as middel gebruik te maak. Sy omskrywing stem ooreen met dié van Chau hierbo. Geweld, politiek, publiek en vrees is weereens die primêre elemente wat na vore tree in hierdie omskrywings.

Rose verklaar dat die terrorisklausules in 'n seeversekeringskontrak die versekerde goedere beskerm teen enige aanval met 'n politieke motief of teen die optrede van enige persoon wat haatlik en kwaadwillig 'n aanval loods.¹⁸⁷ Haar standpunt is dan dat haatlike en kwaadwillige aanvalle gegrond op 'n politieke motief ook as terrorisme omskryf kan word.

Die betekenis van die woord "politieke motief" veroorsaak baie kontroversie in die seeversekeringsreg. Wat is byvoorbeeld die verskil tussen 'n politiese motief en 'n politiese daad, indien daar enigsins 'n verskil is? Chauh is van mening dat 'n politiese daad na vore sal tree as gevolg van 'n politiese motief wat ontstaan het.¹⁸⁸ Miller¹⁸⁹ bevestig dat daar sover geen juridiese definisie daarvoor gegee is nie en dat die Oxford woordeboek se definisie te beperkend is vir wat in die seeversekeringsreg

¹⁸³ Miller *Marine War Risks* 183.

¹⁸⁴ Hodges *Law of Marine Insurance* 207.

¹⁸⁵ Chuah *Law of International Trade* 418.

¹⁸⁶ Bennett *The Law of Marine Insurance* 206.

¹⁸⁷ Rose *Marine Insurance: Law and Practice* 340.

¹⁸⁸ Chuah *Law of International Trade* 419.

¹⁸⁹ Miller *Marine War Risks* 186.

daarmee bedoel word. Die hof het in *Panamanian Oriental Steamship Corp v Wright (The Anita)*¹⁹⁰ bevind dat die betekenis van die woord “politiek” geïnterpreteer moet word, soos wat die man op die straat die woord sal interpreteer.

In die redelik onlangse saak van *Decorum Investments Ltd v Atkin*¹⁹¹ het die eiser se seiljag aan die brand geslaan. Alhoewel die brand geblus kon word, het die brand ernstige skade aan die seiljag veroorsaak. Die eienaar van die boot (G) het skade ter vergoeding van totale verlies van die versekeringsmaatskappy geëis. G het nie versekering ten opsig van terrorisme uitgeneem nie. Hy het slegs versekering ten opsigte van algemene skade aan die seiljag uitgeneem. Die versekeringsmaatskappy het vinnig die geleentheid raakgesien om aanspreeklikheid te ontkom deur te beweer dat die brand is deur ‘n politiese vyand van G gestig is. G was ten tye van die brand ‘n sterk politieke figuur in Rusland.¹⁹² In so ‘n geval rus die bewyslas dan op die versekeringsmaatskappy om te bewys dat die brand deur ‘n vyand met ‘n politiese motief gestig is. Die hof het bevind dat die versekeringsmaatskappy nie daarin kon slaag om genoegsame bewyse te lewer dat die brand geensins deur ‘n derde party geïnisiëer is nie. Die regter verklaar dat die versekeringsmaatskappy wel aanspreeklik was om die eis uit te betaal, omdat hulle nie konkrete bewyse van kwaadwillige, politiese vyandige optrede kon lewer nie. Dientengevolge was die brand nie te danke aan terrorisme nie, al was G in daardie stadium ‘n sterk politiese figuur.

In die ICC (A) wat die alle risiko polis is, word terrorisme as risiko uitdruklik uitgesluit. As dit nie vir die uitsluiting was nie, sou dekking wel verleen wees, omdat ‘n alle risiko polis dekking verleen in geval van die risiko van opsetlike beskadiging deur ‘n derde party veroorsaak. Word terrorisme uitgesluit, is dit nodig dat bykomende versekering daarvoor uitgeneem moet word.¹⁹³

¹⁹⁰ [1971] 1 LI Rep 487.

¹⁹¹ [2002] LI Rep IR 450.

¹⁹² Die rede waarom die versekeringsmaatskappy gesê het die brand is deur 'n vyand gestig, is om te kan sê dat verlies van die skip te danke was aan terrorisme. G het nie versekering ten opsigte van skade as gevolg van terrorisme uitgeneem nie. Indien die versekeringsmaatskappy skade te danke aan terrorisme kan bewys, sal hul nie die eis hoof uit te betaal nie.

¹⁹³ Daar is wel polisse waar die aanspreeklikheid van die versekeraar vir skade deur “any terrorist or any person acting from a political motive” uitgesluit word. Daar is egter genoeg

8.1 Gevolgtrekking ten opsigte van terrorisme

Terrorisme gedefinieer ingevolge die seeversekeringsreg moet aan die volgende minimum elemente voldoen:

- a) Gewelddadige handeling;¹⁹⁴ of
- b) 'n Kwaadwillige en haatlike optrede;¹⁹⁵
- c) Inboeseming van vrees;¹⁹⁶
- d) Gerig teen die publiek;¹⁹⁷
- e) Met 'n politieke motief;¹⁹⁸
- f) 'n Religieuse motief;¹⁹⁹
- g) Of 'n ideologiese motief;
- h) Om 'n staat omver te werp.²⁰⁰

Myns insiens is dat daar nie wesenlike verskille tussen die volkeregtelike omskrywing rondom terrorisme en die omskrywing van terrorisme in die seeversekeringskonteks is nie. Daar is egter 'n primêre ooreenstemming wat van kardinale belang is en die ooreenstemming is dat daar 'n sterk politieke motief vir die aanval geloods deur die terroristes duidelik na vore moet tree.

9 Gevolgtrekking

Die doel van hierdie navorsing was om te bepaal hoe die betekenis van die begrippe seerowery en terrorisme in die seeversekeringsreg geïnterpreteer word. Uit die staanspoor was dit duidelik dat die betekenis van begrippe (byvoorbeeld terrorisme, seerowery, oorlog, burgeroorlog, ensovoorts) in die volkeregtelike sin nie

polisvorms waar die aanspreeklikheid vir sulke skade wel deur die versekeraar gedek sal word by IWS (Hulls) en die ISC(C). Sien Hodges *Law of Marine Insurance* 350.

194 Chuah *Law of International Trade* 418

195 Rose *Marine Insurance: Law and Practice* 340

196 Bennett *The Law of Marine Insurance* 341.

197 Chuah *Law of International Trade* 418; Bennett *The Law of Marine Insurance* 341.

198 Alhoewel daar niks geskryf word oor of die woord "publiek" staat of regering insluit nie, kan daar wel aangeneem word dat die woord publiek in hierdie konteks ook staat of regering insluit. O'May *Marine Insurance Law and Policy* 312; Rose *Marine Insurance: Law and Practice* 340; Chuah *Law of International Trade* 418.

199 O'May *Marine Insurance Law and Policy* 312.

200 Hodges *Law of Marine Insurance* 212.

noodwendig die betekenis daarvan in die konteks van die seeversekering is nie. Nogtans kan die volkereg se omskrywing van die begrippe 'n gerieflike vertrekpunt wees in 'n poging om die betekenis en toepassing van die versekeringspolis en uitsluitingsklousules te interpreteer, indien daar enige probleme in hierdie verband in die versekeringsreg is of ontstaan.

Bestudering van die begrip seerowery in die volkereg het getoon dat daar geen eenvormige of vasstaande definisie bestaan nie. Nietemin kan seerowery in die volkeregtelike sin bestempel word as 'n geweldadige aanval, kaping, rooftog of plundery van 'n privaatskip deur 'n privaat persoon of persone op see, doelbewus vir eie finansiële gewin sonder enige godsdienstige, politieke of militêre motief. Die standpunt in die seeversekeringsreg is weer dat die begrip seerowery met "commercial common sense" geïnterpreteer moet word. Hiermee word met ander woorde erken dat dit by seeversekering nie oor volkeregtelike aangeleenthede gaan nie, maar eerder oor die interpretasie van 'n kommersiële kontrak. Die algemeen aanvaarbare verduideliking in die seeversekeringkonteks blyk te wees dat seerowery roof op die oop see is waar rowers die eiendom van persone op 'n geweldadige wyse afneem sonder enige wetlike outoriteit, met die motief om die gesteelde goedere vir hulself toe te eien.

Die wesenlike verskille tussen die begrip seerowery geïnterpreteer deur die volkereg en die seeversekeringspraktyk, is eerstens dat seerowery ingevolge die volkereg slegs buite territoriale waters kan plaasvind, terwyl daar gesag daarvoor bestaan dat seerowery ingevolge die seeversekeringsreg nie tot territoriale waters beperk is nie. Dit kom ook duidelik na vore dat daar in die seeversekeringkonteks daadwerklike geweld betrokke moet wees alvorens 'n daad as seerowery bestempel kan word en nie net 'n dreigement van geweld nie. My mening is dat 'n persoon eerstens as 'n seerower geklassifiseer moet word alvorens so 'n persoon of groep persone 'n daad van seerowery kan pleeg. 'n Seerower is 'n persoon wat sy gierige persoonlike behoeftes bevredig deur willekeurig en sonder voorkeur op see met geweld te roof of te moor. Die goedere/buit wat die seerower in besit neem, word dan deur die seerower geag sy eie besittings te wees waarvan hy die (onregmatige) eienaar is. Wanneer 'n bende derhalwe 'n skip bestyg of betree en dit op 'n geweldadige wyse vir eie gewin plunder, is hulle seerowers binne die betekenis van 'n

seeversekeringspolis. Die *Andreas Lemos*-saak is 'n voorbeeld waar rowers eerder vir eie gewin as vir politiese redes die skip geroof het.

Daar is verder in die navorsing gewys op die realiteit dat die leier van die seerowers dikwels so 'n groot mag op homself vestig, dat hy selfs een of ander vorm van gesag begin uitoefen. Hy versamel 'n groep mense om hom en begin meer en meer inpalm. Hy vestig inderdaad 'n sterk magsbasis en begin dan politieke druk uitoefen. Daarom raak dit belangrik om tussen seerowery en terrorisme te onderskei, omdat so 'n persoon ook politieke kan optree.

Terrorisme in die volkeregtelike konteks kan verduidelik word as 'n voorbedagte daad van geweld of as 'n ernstige dreigement van geweld deur 'n nie-outoritêre groep teen 'n regering, 'n segment daarvan of 'n gemeenskap of die eiendom daarvan wat vrees inboesem, met die doel om diegene op politieke, religieuse of ideologiese wyse te beïnvloed of selfs omver te werp. Onmiddellik moet egter gemeld word dat met die beperkte ondersoek na die begrip terrorisme in die volkereg, dit duidelik 'n probleembegrip blyk te wees in die sin dat daar talle omskrywings en definisies bestaan, maar geen enkele definisie nog vasgestel en as sulks erken word nie. Desnieteenstaande is dit my mening dat daar nie wesenlike verskille tussen die volkeregtelike verduideliking van terrorisme in die volkereg en die omskrywing van terrorisme in die seeversekeringskonteks is nie. Daar is 'n primêre ooreenstemming wat van kardinale belang is. Die ooreenstemming is dat daar 'n sterk politieke, ideologiese of godsdienstige motief vir die aanval wat deur die terroris geloods word duidelik na vore moet tree.

Dus kan gesê word dat buiten hierdie genoemde verskille daar nie verdere drastiese verskille tussen die omskrywing en interpretasie van seerowery in die volkeregtelike en seeversekeringsregtelike konteks, asook die omskrywing en interpretasie van terrorisme in die volkeregtelike en seeversekeringsregtelike konteks is nie. Wat egter van kardinale belang is, is dat daar onderskeid ten opsigte van seerowery en terrorisme met betrekking tot die seeversekeringsreg getref móét word. Buiten die feit dat seerowery slegs op die see kan plaasvind, terwyl terrorisme op die see, lug en land kan plaasvind, kan die motief van die aanvaller duidelik weergee of die onregmatige daad as seerowery of terrorisme bestempel kan word. Indien die

aanvaller 'n politieke, ideologiese of godsdienstige motief vir die aanval het, kan hy as 'n terroris beskou word. Indien die aanvaller, soos in die geval van die *Andreas Lemos*-saak, geen politieke motief het nie, maar eerder 'n drang na eie gewin en verryking, kan hy as 'n seerower bestempel word. Waar daar by seerowery dan 'n toeëiening van bates plaasvind, gaan dit by terrorisme oor 'n inboeseming van vrees om ander onbehoorlik tot verandering te beïnvloed, alhoewel daar by albei dade geweld betrokke is.

Met verwysing na die probleemstelling is dit baie belangrik vir 'n versekeraar en versekerde om die werklike verskil tussen seerowery en terrorisme te verstaan. Die versekerde moet deeglik bewus wees van wat die versekeringspolis behels en of die versekeringspolis vir beide seerowery en terrorisme voorsiening maak. Indien die versekeringspolis slegs vir seerowery voorsiening maak en nie vir terrorisme nie, behoort die versekerde addisionele versekering ten opsigte van terrorisme uit te neem. Vir daardie gevalle waar 'n rower politieke mag om hom gevestig het en sy optrede eerder politiek is. Indien daar slegs versekering in die geval van terrorisme is maar nie vir seerowery nie, sal die versekerde addisionele versekering moet uitneem en dit word ook so aanbeveel aangesien seerowery tans 'n realiteit en verhoogde risiko is.

10 Bibliografie

Literatuur

Boeke

Arend en Beck *International law and the use of force*

Arend AC en Beck RJ *International law and the use of force* (Routledge Londen 1993)

Bennett *The Law of Marine Insurance* (Claredon Press Oxford 1996)

Bennett HN *The Law of Marine Insurance* (Claredon Press Oxford 1996)

Berckman *Victims of Piracy: The Admiralty Court*

Berckman E. *Victims of Piracy: The Admiralty Court* (Hamish Hamilton: London 1979)

Carver *Carriage by Sea*

Carver TG *Carriage by Sea* (bewerk deur R Coliveaux) 13e uitg (London 1982)

Chuah *Law of International Trade*

Chuah JCT *Law of International Trade* 3e uitg (Sweet & Maxwell London 2005)

Dover *Elements and Practice of Marine Insurance*

Dover V *Elements and Practice of Marine Insurance* (London 1951)

Dubner *The Law of International Sea Piracy*

Dubner BH *The Law of International Sea Piracy* (The Hague/Boston/London 1980)

Dugard *International law a South African perspective*

Dugard J *International law a South African perspective* 3e uitg (Juta Lansdowne 2007)

Gordon & Getz *The South African Law of Insurance*

Gordon G & Getz WS *The South African Law of Insurance* 4e uitg (Juta Lansdowne 1993)

Hare *Shipping Law & Admiralty jurisdiction in South Africa*

Hare J *Shipping Law & Admiralty jurisdiction in South Africa* (Juta Cape Town 1999)

Hodges *Law of Marine Insurance*

Hodges S *Law of Marine Insurance* (Cavendish Publishing Limited London 2005)

Ivamy *Marine Insurance*

Ivamy A *Marine Insurance* 4e uitg (Butterworths 1985)

Khun *Terrorism in International law*

Khun SA *Terrorism in International law* (London 1984)

Miller *Marine War Risk*

Miller D *Marine War Risk* 2e uitg (Lloyds London 1994)

Murphy *State Self Help and Problems of Public International Law*

Murphy JF *State Self Help and Problems of Public International Law* (Lexington Books Lexington 1978)

O'May *Marine Insurance Law and Policy*

O'May D *Marine Insurance Law and Policy* (Sweet & Maxwell London 1993)

Rose Marine Insurance: Law and Practice

Rose FD *Marine Insurance: Law and Practice* (London Singapore 2004)

Schachter International Law and Theory in Practice

Schachter O *International Law and Theory in Practice* (Maurituis Nijhoff Publishers Dordrecht 1989)

Schmid Political Terrorism

Schmid AP *Political Terrorism* (North Holland Publishing Co Amsterdam 1983)

Templeman & Greenacre Marine Insurance its Principles & Practise

Templeman F & Greenacre CT *Marine Insurance its Principles & Practise* (London 1950)

Van Dervort International Law and Orginasation

Van Dervort H *International Law and Orginasation* (Prentice Hall New Jersey 1997)

Tydskrifartikels

Baxter 1974 Akron Law Review

Baxter R "A sceptical look at the concept of terrorism" 1974 *Akron Law Review* 9

David 2005 Best's Review

David P "London Market Committee Sees Threat Of Terror From Piracy in Key Shipping Lane" 2005 *Best's Review* 9

Desimone 2008 *National Underwriter / Property & Casualty Risk & Benefits Management*

Desimone R "Marine Insurance Buyers, Sellers Join To Thwart Modern-Day Pirate Threats" 2008 (112:40) *National Underwriter / Property & Casualty Risk & Benefits Management* 17-18

Flood 2008 *Oil Spill Intelligence Report*

Flood B "War Insurance Rising, Thanks to Pirates" 2008 (31:49) *Oil Spill Intelligence Report* 3-4

Rapaport 1984 *American Political Science Review*

Rapaport DC "Fair and Trembling: Terror in three Religions Traditions" 1984 *American Political Science Review* 16-28

Koerantberigte

Anoniem "Oorlogskepe val seerowers aan" *Beeld* 21 September 2009 4

Anoniem "Seeroweraanval gekeer" *Beeld* 14 Augustus 2009 7

Anoniem "Seerowers laat 22 gyselaars vry" *Beeld* 15 September 2009 2

Anoniem "Seerowers soek R152 miljard" *Beeld* 7 September 2009 3

Anoniem "Somalië: Seerowers laat gyselaars vry" *Beeld* 10 Augustus 2009 5

Anoniem "Spanje verskerp aanslag teen seerowers" *Beeld* 9 September 2009 6

Anoniem "Tiener in hof oor seeroweraanval" *Beeld* 18 September 2009 5

Proefskrifte en Verhandelinge

Kruger *Internasionale en Transnasionale Terrorisme – 'n Volkeregtelike perspektief*

Kruger TJ *Internasionale en Transnasionale Terrorisme – 'n Volkeregtelike perspektief* (LLM-verhandeling PU vir CHO Potchefstroom 1976)

Luttenburger *Covering the risk of piracy and armed robbery at sea*

Luttenburger A *Covering the risk of piracy and armed robbery at sea* (PhD University of Rijeka 2004)

Van Huizen *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jursidische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen*

Van Huizen A *Het Transport Verzekeringsbedrijf Jursidische en Rechtsvergelijkende Beschouwingen* (Proefskrif Erasmus Universiteit Rotterdam 1988)

Verslae

O'King R *Ocean Piracy and its Impact on the Insurance* (Congressional Research Service Report R 40081 2008)

Regspraak

Nasionaal

Mutual & Federal Insurance Company Limited v Oudshoorn Municipality 1985 1 SA 419 (A)

Internasionaal

Athens Maritime Enterprises Corp v Hellenic Mutual War Risk (Bermuda) Ltd (The Andreas Lemos) [1983] QB 647

Banque Monetaica and Carystuiaki v Motor Union Insurance Co Ltd 1923 14

Cazalet v Morris & Company 1916 IH 1 Div

Decorum Investments Ltd v Atkin 2002 LI Rep IR 450

Larrinaga Steamship Company Ltd v The Crown [1943] CA Nov 22

Nathanson v Commercial Insurance Company [1886] 4 SC 1

Panamanian Oriental Steamship Corp v Wright [1971] 1 882

Republic of Bolivia v Indemnity Mutual Marine Assurance Co Ltd [1909] 1 KB
Ca

*The Stoomvaart Maatschappij Sophie H v The Merchants Marine Insurance
Company Ltd* 1919 HL Nov 20

Wetgewing

Nasionale wetgewing

Korttermynversekeringswet 53 van 1998

Verdedigingswet 42 van 2002

Voor-Unie Wette 43 van 1977

Internasionale wetgewing en instrumente

Convention on High Seas, opened for signature April 29 1958 UST

United States Code

United Nations Convention on the Law of the Sea 1982

Unsitute Hill Clauses June 2 1977

Internetbronne

Bennett HN 1993 Piracy <http://www.nottingham.ac.uk/law/TEXTHNB.HTM>
[datum van gebruik 10 Augustus 2009]

Fisher A 2002 Golden age of piracy www.piratesinfo.com [datum van gebruik
9 Jun 2009]

Vallar V 2003 The history of maritime piracy <http://www.cindyvallar.com/goldenage.html> [datum van gebruik 6 Junie 2009]

The peoles law dictionary www.farlex.com [datum van gebruik 12 Augustus 2009]